CDT NUUSBRIEF

www.careldutoit.co.za

NOVEMBER 2016

Vrolike Vakansie

DANKIE VIR JUL VRYGEWIGE HARTE

As 'n ondersteuner van die Carel du Toit Trust moet u verseker wees van die belangrike rol wat u speel in die lewensveranderende werk wat elke dag by die Carel du Toit Sentrum plaasvind. Elke skenking wat ons ontvang, maak 'n daadwerklike bydrae tot die verryking van die lewens van kinders met gehoorverlies. Hetsy dit u 1ste, 5de of 10de nuusbrief is van ons: welkom en dankie – ons is trots om ons nuus met u te kan deel. Die kinders wat ingeskryf is vir die Sentrum se program verskil in mediese behoeftes, akademiese vaardighede, ouderdomsgroepe, kulture en geografiese areas. Hul reis van regoor die hele skiereiland – soms selfs ook van die buiteland.

OORKRUISING VAN GRENSE OM DIENSTE UIT TE BREI VIA TELE-INTERVENSIE

Danksy die vrygewigheid van die Discovery-fonds is dit moontlik om deur middel van tele-intervensie kinders met gehoorverlies in ander Afrika-lande te bereik. Intervensie-kenners en spraakterapeute kommunikeer met kinders en hul gesinne deur middel van Skype om die momentum van die natuurlike leerproses van gesproke taal, gevolg deur ouditiewe-verbale beginsels en kritiese ouerleiding-sessies te handhaaf.

LENTETEE & MODEPARADE EKSTRAVAGANZA

Die Sentrum se jaarlikse Lentetee en Modeparade in September was gevul met vrolike bloeisels en 'n tikkie "Country". Kaartjies is binne 'n paar weke uitverkoop en die superster-kinders het die loopplank aangedurf, geklee in uitrustings van Ackermans, Tygervallei Sentrum. Die 'modelle' het gesorg vir 'n hele paar emosionele oomblikke terwyl hulle die skare beïndruk het met hul selfvertroue en geesdrif. Ons alumnus, Jody Bell, het ouers en ondersteuners geïnspireer met haar hartroerende getuienis oor haar vele suksesse. Dankie aan almal vir julle ondersteuning!

MEDE BLOEMFONTEIN & OOS-LONDEN SATELIETE

Die Carel du Toit Sentrums het op 3 September vergader vir hul jaarlikse strategiese beplanning om toekomstige praktyke en volhoubaarheidsplanne vir die aantal kinders wat ons gaan dien in die komende jare, te bespreek. Bloemfontein-personeel het ook die geleentheid gehad om die Sentrum se Inligtingsdag, met die fokus op pediatriese gehoorverlies, by te woon.

EEN MAN. EEN DOEL. EEN GROOT HART VAN GOUD.

Toe Clint le Roux ingeskryf het vir die 2016 Freedom Challenge Race wat strek regoor Suid-Afrika, het hy twee doele in gedagte gehad: om sy stamina te toets en, belangriker nog, om van die geleentheid gebruik te maak om geld in te samel vir kinders met wie hy iets in gemeen het - gehoorverlies. Clint se volharding in sy strawwe oefen-skedule, het gelei tot sy oorwinning van die 2300 km bergfietswedren van Pietermaritzburg, KZN tot Diemersfontein in die Paarl. Hy het meer as R20 000 in skenkings ingesamel. Een persoon se druppel in die oseaan kan groot golwe maak – nes elkeen van ons lojale ondersteuners gesamentlik daadwerklik 'n groot verskil maak.

U ONBAATSUGTIGE BYDRAE MAAK DIT MOONTLIK VIR DIE CAREL DU TOIT SENTRUM OM TE VOLHOU IN DIE DIENSTE WAT ONS VERSKAF AAN KINDERS MET GEHOORVERLIES. VUL ASSEBLIEF DIE AANGEHEGDE VORM IN OM 'N SKENKING TE MAAK OF OM U BESONDERHEDE TE WYSIG.

GEMEENSKAPSUITREIK-OPVOLG

Die Carel du Toit Trust sal in 2017 die diens van gehoor toetsing befonds om gehoorverlies te toets in hoë risiko neonatale by die Tygerberg-hospitaal. Die Sentrum se gemeenskapsuitreikprogram is gestig om 'n bewustheid vir die belangrikheid van vroeë identifisering van gehoorverlies in kinders te skep. Ons is verheug om hierdie diens beskikbaar te kan stel in vennootskap met die Tygerberg-hospitaal.

SPLINTERNUWE NETBAL- EN TENNISETBANE

Die Sentrum is toegerus met nuutgeboude netbal- en tennisetbane sodat Carel du Toit-leerders die nodige blootstelling aan meer sportvaardighede kan verkry. Die sportvaardighede wat hul daardeur verkry bied die leerders die nodige voorbereiding vir hul volgende vlak van skoolopleiding. Te dankie aan gemeenskapsfondsinsamelings is die Sentrum nou in staat om 'n uitgebreide buitemuurse program aan die graad-klasse te bied.

Ons wil u graag e-pos!

Voorsien ons asseblief met u e-pos adres sodat u nuus en belastingsertifikaat 'n bietjie vroeër by u kan uitkom. Tree in kontak met Marshaline via e-pos **Marshaline@careldutoit.co.za** of skakel +27 (21) 933 4578.

Dankie vir almal wat teenwoordig was by die Sentrum se jaarlikse Afrikaanse en Engelse konserte om op 23 & 24 November. Besoekers het eerstehands beleef hoe die kinders se gesproke taal floreer. Ons hoop dat u die vervulling voel wat kom uit die wete dat u 'n rol gespeel het daarin.

Liedjies, Rympies & Pluimpies

OPKOMENDE GELEENTHEDE

- **Die Internasionale Oorversorgingsweek** word gevier gedurende **Maart 2017**.
- Die Sentrum sal sy **4de Ndiyeva-konferensie** aanbied by NH Lord Charles Hotel in Somerset-Wes van **30 - 31 Maart 2017**. Hierdie unieke konferensie word gerig aan beroepspelers sowel as gesinne wat betrokke is by kinders met gehoorverlies en wat die gebruik van gesproke taal as prioriteit ag. Besoek www.careldutoit.co.za en kliek op die Ndiyeva-konferensiewebblad vir meer inligting.

NDIYEVA
PAEDIATRIC AUDIOLOGY & INTERVENTION CONFERENCE
RAISING THE BAR 30 - 31 MARCH 2017

Carel du Toit
Waar dowe kinders leer praat
Where deaf children learn to speak

- Die Sentrum se **jaarlikse 5km Pretloop** sal plaasvind in **April 2017**. Ons sal al die nodige besonderhede nader aan die tyd vir u stuur. Ons hoop dat u sal registreer en deel word van hierdie opwindende byeenkoms by die Tygerberg-hospitaal.

HIERMEE DIE BELANGRIKSTE PROJEKTE WAT ONDERSTEUN IS DEUR DONATEURS EN BORGE GEDURENDE 2016 EN WAT DEURGEVOER SAL WORD DEUR DIE TRUST TYDENS 2017 EN DAARNA:

Onderrig en maatskaplike werk - 'n belangrike deel van effektiewe onderrig by die Carel du Toit Sentrum is om 'n lae onderwyser/leerder ratio in stand te hou. Dit is dus nodig om bykomende onderwyspersoneel aan te stel om hierdie verhouding in stand te hou sodat die kinders aanhou baatvind by intensiewe onderrig en aandag.

Kind Borgskap - die Sentrum bied 'n geheel-insluitende verskeidenheid van dienste om die beste uitkoms vir die kinders te bied, maar nie al die gesinne van ons leerders beskik oor die nodige fondse vir professionele terapie, spesiale onderwysbehoeftes, asook vervoer en nasorg nie. 'n Belangrike punt om te noem, is dat hierdie dienste nie die gehoortoestelle en mediese prosedures wat benodig is op hul pad in 'n horende wêreld insluit nie. Ons was vanjaar bevoorreg om weldoeners – beide individue en maatskappye – aan boord te hê wat 26 kinders kon borg vir volledige sorgpakkette vir een volle jaar. Die donasies wat die bogenoemde moontlik gemaak het, bied 'n enorme verligting vir die ouers wat nie die finansiële mas kon opkom nie.

Gehoorapparaat-herstelwerk en toebehore – terwyl die koste van die gehoor-tegnologie baie hoog is, is daar bykomende uitgawes wat deur die Trust beskikbaar gemaak is deur middel van skenkerondersteuning wat die daaglikse instandhouding van die kinders se gehoorapparate insluit. Oor-vorms, toontoestel, zinc air-batterye, en wind- en weerbeskermers is maar 'n paar van die toestelle wat daaglikse herstelwerk en vervanging benodig by die Carel du Toit Oudiologie Departement. Ongeveer 12 kinders benodig elke dag hulp met hul gehoortoestelle; 'n totaal van 60 per week – 'n diens wat veral jul ondersteuning benodig en geniet, en daarvoor is ons innig dankbaar.

Gemeenskapsuitreikprogramme is 'n uitbreiding van die Sentrum se mandaat om gehoortoetse vir babas aan te moedig en sodoende die belangrikheid van vroeë gehoorprobleem-identifikasie te versterk. Weeklikse spraakterapie-klasse word gehou by Laerskool Goedehoop vir mense van nabye gemeenskappe met die doel om geletterdheids- en spraakvaardighede vir Graad R en Graad 1 leerders te verskerp.

Vroeë identifisering van gehoorverlies word aangebied by die CHAT Sentrum en dien as die fondament vir alles wat volg by die Carel du Toit Sentrum. Ouers word gelei en bemagtig deur vroeë identifiseringspesialiste wat ook sorg vir die nodige kennis en vaardighede sodat ouers hul gehoorgestremde kinders kan ondersteun en aanspoor om in 'n horende wêreld te kan funksioneer en uitblink. Met vroeë identifisering van gehoorverlies, die pas van gehoorapparate, terapie en intervensie is dit moontlik vir kinders met gehoorverslies om te kan aansluit by konvensionele skole met maats sonder gehoorgestremdhede en dus die volle omvang van die Carel du Toit-metodiek kan uitleef en vervolmaak.

SO KAN U OP ANDER MANIERE BETROKKE RAAK:

•Oorweeg 'n **eenmalige of maandelikse donasie** via die Carel du Toit Trust se bankbesonderhede. (Onthou om vir ons in kennis te stel van u donasie sodat ons u kan voorsien met 'n belastingsertifikaat). U skenking sal 'n groot impak maak.
•As 'n **individuele skenker** sal u deel vorm van 'n hele groep skenkers wat gesamentlik 'n groter impak maak.
•Word 'n Carel du Toit-ambassadeur en nooi u vriende, familie en kollegas uit om ook 'n skenking te maak.
•Skakel ons om uit te vind hoe u **'n fondsinsamelaar kan word** en ons sal u voorsien van al die nodige hulpmiddels.
•Nooi ons uit om met u **werkskollegas of werkgewers** te kom gesels oor al die wonderlike dinge wat ons doen.
•Nomineer die Carel du Toit Sentrum as die begunstigde van u **lojaliteitskaarte**, soos Marko en Woolworths MySchool.

RUTH BOURNE — 'n LEGENDE OP HAAR EIE

"'n Werk by Carel du Toit is nie net 'n beroep nie – dit is 'n passie en 'n roeping."

Hierdie is die woorde van 'n wyse en toegewyde staatmaker; 'n persoon wat ons die voorreg gegun het om haar te leer ken, om leiding te bied en met haar te kon saamwerk by die Carel du Toit Sentrum. Skoolhoof Ruth Bourne, wat sal aftree aan die einde van 2016, is in 1978 persoonlik deur Professor Carel du Toit uitgekies en aangestel. Vir 38 jaar het sy die Sentrum gedien met kragdadigheid en liefde. Deur haar jare as onderwyser het sy bewys dat haar sterkpunt lê by 4-jarige leerders met beperkte gehoor wat hulp nodig gehad het om hulle taalvermoë te verstaan en aan te pas in die wêreld rondom hulle.
Ruth het eerstehands beleef hoe die Sentrum vier dekades terug begin het met ses onderwysers en gegroei het na 'n multidissiplinêre fasiliteit met 29 personeel, bestaande uit spesialisonderwysers, oudioloë en terapeute.

In 2008 is Ruth vereer met die amp van Skoolhoof, en het sy sodoende vinnig in die harte van almal om haar gekruip. Ruth sê: "Dit was 'n voorreg om die hoof van hierdie wonderlike en unieke skool te kon wees. Ek is so trots op die personeel – ieder en elk doen hul werk met soveel liefde en toewyding. Toe Professor Carel du Toit die skool begin het in 1973 was sy metodiek beide uniek en eksperimenteel, maar vandag se navorsing het bewys dat hy heeltemal in die kol was in sy denkwyse dat kinders wat doof gebore word, kan leer om te praat nes enige ander kind. Ek het al telkemale die vreugde beleef van ouers wat opnuut weer hoop kry na die verpletterende nuus dat hul kind met 'n gehoorverlies gebore is. Om deel te kon wees hiervan was 'n wonderlike ervaring."

KORPORATIEWE DONASIE & SKENKING KOLLIG

Dankie in oorvloed aan die volgende maatskappye wat gehelp het om ons pligte teenoor die Carel du Toit-leerders vir die tydperk Mei tot September 2016 na te kom.
Ondersteuning van individue, maatskappye, trusts en fondasies stel ons in staat om die nodige hulpbronne te verkry om die kinders van die Sentrum toe te rus om 'n horende wêreld met selfvertroue binne te tree.

Airwise Airconditioning
Accounting Professional Training (Pty) Ltd

Basil Wallace Maskew Miller Trust
Berg Enterprises
Berry & Donaldson (Pty) Ltd
Bok Radio
Boogertman Partners

Cape Consumers
Cape Timber and Mouldings
Christelike Vereniging van SA Kerk
Christian Schoeman Trust
Coca-Cola Canners of Southern Africa
Coronation Fund Managers

Daisy Business Solutions
Discovery Fund
Doppio Restaurant

Elkanah House Sunningdale Preparatory
ER Tonnesen Trust

Firefly Advertising
Flash Precast CC
Foneworx
Footgear
Fuchs Foundation

GreaterGood SA Trust

Het Jan Marais Nationale Fonds
Hyman Goldberg Foundation

JH Richards Trust
Joan St Ledger Lindbergh Charitable Trust

Lewis Group

Maid Foundation
Mathers Trust

NGK Middelburg Karoo

Oceana Group
OK Franchise Division

Pasco Packaging
Perbonum Trust
Philip Morris South Africa (Pty) Ltd
Pioneer Foods
Process Automation

Remgro
Roadwing
Rotary Club of Bellville
Rotary Club of Bristol Breakfast, UK

Schwarz Trust
Shumani Mills Communications
SPAR Western Cape
St Cyprian's School
Stella and Paul Loewenstein Trust

TGP Construction

Umgeni Projects
Union Tiles

Visagie Vos Attorneys

Die Carel du Toit Trust is 'n geregistreerde liefdadigheidsorganisasie en is dus in staat om Artikel 18A belastingsertifikate uit te reik aan Suid-Afrikaanse burgers wat R100 of meer per jaar skenk. Die versending van hierdie dokumente vind eenkeer per jaar in April plaas. U is welkom om ons te kontak as u vroeër so 'n sertifikaat benodig.

U skenkings dra by tot die Sentrum se ongelooflike diens en onderrig van gesproke taal aan kinders met gehoorverlies.

003-401 NPO
PBO No: 130003124

As u 'n donateur wil word, kan u dit doen deur middel van 'n direkte deposito, EFO, debietorder of aanlyn.

BANKBESONDERHEDE
ABSA Bank Parow Tak 632005
Rekeningnommer: 404 823 7586
Verwysing: U voorletters, van & kontaknommer (ons wil u op hoogte hou en u belastingsertifikaat vir u stuur).

POSADRES
Carel du Toit Trust
Posbus 19169
Tygerberg
7505
Tel: +27 21 933 4578
Faks: +27 21 933 2774
E-pos: trust@careldutoit.co.za

www.facebook.com/careldutoit

@Carel_du_Toit

Besoek ons webwerf vir verdere inligting
www.careldutoit.co.za

OM VAN ONS DATABASIS AFGEHAAL TE WORD, KONTAK GERUS ONS KANTORE BY TRUST@CARELDUTOIT.CO.ZA
OM HIERDIE NUUSBRIEF PER EPOS TE ONTVANG IS DEFINITIEF DIE GROENER OPSIE.